Heilbron
# Herald

*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 35 Deel 110
VRYDAG - 6 SEPTEMBER 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Het jou skaap 'n tatoeëermerk?

Veediefstal is al lank 'n groot probleem vir boere regoor die land. Vrystaat boere loop egter die meeste deur. In April 2019 is daar 101 voorvalle aangemeld waar 1139 stuks vee gesteel is. Net in Julie vanjaar is R7,4 miljoen se verliese gely weens veediefstal. Hierdie bedrag is egter net vir die voorvalle wat aangemeld is en moontlik nie eens naastenby die regte totale bedrag nie. Veediefstal gaan egter nie net oor die verlies van vee nie, maar dit het ook 'n in-vloed op werksekerheid van werkers. Dit is ook 'n lewensaar wat afgesny word waar die vee 'n bron van voeding en ekonomiese vooruitgang verseker. Die dorpe wat die meeste deur-geloop het is Bethlehem met 15 voorvalle en Paul Roux met 11. Die ander plekke wat vyf of meer voorvalle aangemeld het is Clocolan (5), Fouriesburg (5), Kestell (5), Hobhouse (5), Reddersburg (5) en Reitz (7). In Julie was daar 36 dorpe wat deurgeloop het met 1831 aangemelde vee gesteel. Slegs 281 is teruggevind wat beteken die boere het 1550 stuks skade. Hier in Heilbron is daar die afgelope week een voorval aangemeld op die grens van Oranjeville en Heilbron waar 12 ramme gesteel was. Terugvoer oor 'n voorval in November 2017 is deurgegee - Die gebeur-tenis behels waar twee voertuie skape gesteel het en nadat die polisie hulle begin agtervolg het, was die skape een vir een van die voer-tuie afgegooi. Die skelms is vasgetrek en in hegtenis geneem en word gevonnis 31 Oktober 2019. Daar word versoek dat boere hulle vee elke dag moet tel en vee gebrand-merk is en oor 'n brandmerksertifikaat beskik. Daar word vereis dat alle dokumente van identifikasie vir twaalf maande op rekord gehou moet word asook dat alle veeverwy-deringsertifikate voltooi word, en seker te maak dat dit tydens alle transaksies verskaf word. Hierdie veeverwyderingsertifikaat boeke is beskikbaar by Heilbron Herald se skryfbehoefte winkel. Verder moet mense so gou as moontlik diefstal by die polisie aan-meld en inligting deurgee aan veiligheids-groepe sodat omliggende inwoners ook in kennis gestel word.





## *MISDAAD*verslag - Heilbron

Daar vind steeds voorvalle van dief-stal plaas. Op 24 Augustus 2019 is daar 'n koperkabel gesteel by Eskom se substasie - die saak is onlangs eers opge-maak. Daar het nog twee voorvalle plaas-gevind in die Heilbron gemeenskap waar Koos Engelbrecht se Toyota Land Cruiser gesteel is op 30 Augustus. Die voertuig het voor die hotel in die hoofstraat gestaan, toe die drywer uitgaan was die voertuig skoon-veld weg.

'n Ander voorval het plaasgevind in die Phiritona gebied toe 3 mans 'n inwoner oor-val het net na agtuur die aand van 3 September 2019. Die man was aangehou, vasgemaak en met messe gedreig. Die boewe het weggekom met sy selfoon, kon-tant en sy silwer Chevrolet Utility bakkie.

Indien enige iemand oor meer inligting van hierdie gebeurtenisse beskik, skakel asseblief die polisie sodat die skelms vasge-trek kan word.

# Waarskuwing:
## Kragonderbrekings

Eskom beplan instandhoudingswerk aan Heilbron se nommer een transformator vir 7 en 8 Oktober 2019 en aan die nommer twee transformator vir 9 tot 11 September 2019.

Volgens VF Plus raadslid Phillip van der Merwe mag die toevoer moontlik vir 'n rukkie afgeskakel word tussen 09:00 tot 16:00 op 7 en 9 September. Inwoners word versoek om kennis te neem.

ULTIMO
(Langs Telwiedrê Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
VRYDAG
13 September om 11:00
SATERDAG
28 September om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Laeveld Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
www.bkb.co.za

# Oud-Heilbronner maak 'n draai by Binnelanders

## *Jacques weer te sien op KykNet skerm*



Op 30 Augustus 2019 het baie Heilbronners se harte warm geklop toe 'n bekende gesig op Binnelanders te sien was. Hierdie is 'n gunsteling sepie vir baie Suid-Afrikaners wat uitgesaai word op KykNet, kanaal 144.

Jacques Naudé, oud-Heilbronner en seun van Anita Naudé, het Vrydagaand die rol gespeel van Frank, 'n kroegman in Nagskof. In hierdie episode van Binnelanders het die rol nie veel behels nie, en 'n enkele sin het uit Frank se mond gekom, maar daar is groot vooruitsigte vir Heilbron se eie sepie-ster. As kind het hy 'n groot fantasie gehad oor akteurs, maar nooit genoeg belanggestel om drama te studeeren 'n loopbaan daarvan te maak nie.

In 2017 het hy gesien dat Brümilda van Rensburg 'n beginnerskursus aanbied vir akteurs. Uit nuuskierigheid het hy besluit om die kursus te doen en geweet dat hy niks in die proses kan verloor nie.

'n Meer gevorderde kursus is in 2018 aangebied wat hy ook voltooi het - kort voor lank het Brümilda sy agent geword.

Hierdie September gaan die Binnelanders-span verder skiet aan die program en kykers kan verwag om Jacques oor die drie maande weer op KykNet te sien.

Hy is baie dankbaar vir hierdie geleentheid en geniet dit vreeslik baie, hy lê klem daarop: "Alle eer aan die Here", groot dankbaarheid word getoon vir dit wat oor sy pad gekom het en hy sien uit na wat vir hom voorlê.






# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

**Aan my pragtige vriendin:**

God is jou "Sakdoek" as jy huil...

Hy is jou "Hoekie" as jy êrens wil skuil...

Hy is jou "Sambreel" as hartseer oor jou reën...

Hy is jou "Voorsiener" as jy in nood verkeer ...

Hy is die "Anker" op jou lewenspad ...

Hou "altyd" daaraan vas!!!

Daar is so baie mooi dinge om ons, om raak te sien, al is dit partykeer deur trane ...

Dankie dat jy ietsie mooi in my lewe is!!! Ek glo jy sal vêr bo jou verwagting geseën word, my vriendin. Maak die meeste van vandag, en elke dag. Tot Sy eer, alleen.

Onthou U my Here? Ek kom elke dag, met hande gevou, met U gesels. U laat my tuis voel. U raak my aan met U Hand voordat ek verduidelik het, het U reeds verstaan. As ek alleen en desperaat voel, neem U my skadu weg. U genees die rowe. U vertroos. U gee vir my om, en as ek U soek is U dáár. En Here, dat U vir my, en al U kinders onthou, is wonderlik!

Sommige kinders, het grootgeword daarmee dat as jy soet is, sal Jesus vir jou lief wees. Nee, ons hoef nie vir die Here aanvaarbaar te wees nie. Sy liefde kan nie verdien word nie. Hy het op Golgota klaar Sy liefde vir die wêreld bewys.

*Bron: Onbekend.*

*Ingestuur deur Heléne Howell*

## Het jy geweet ?...

**Is kat snorre, hare?**

Die snor van 'n kat is baie moeiliker as die res van hul baadjie. Word snorhare ook van hare gemaak?

U sal vergewe word deur te dink dat snorhare hare is en deel van 'n kat se jas is, maar dit is nie waar nie. Dit is egter dieper in die kat se liggaam ingebed as die pels. Daar is 'n haarfollikel gelaai met senuwees aan die wortel van die snor, en dit verbind die snor aan die spier- en senuweestelsel. Hierdie sensors stuur inligting oor die omgewing na hulle senuweestelsel, wat hul dan help om die pad beter te navigeer.

# HEILBRON KLINIEK - Beskerm die jeug teen tabak

**• Heilbron Clinic**

KANSA se gesondheidshoof, prof. Michale Herbst, konstateer: "Jong volwassenheid is vatbaarste en mees kwesbare tydstip waarop met die gebruik van tabakprodukte begin kan word. Dis dus die vernaamste mikpunt van die tabaknywerheid. Ons moet ons volgende geslag beskerm teen die skadelike gevolge van tabak en teen die industrie se manipulering om van hulle nikotienverslaafdes te maak."

Volgens die Wêreld-Gesondheidsorganisasie (WGO) begin die meeste mense rook voordat hulle 18 is en 'n kwart daarvan begin reeds met tabakgebruik voordat hulle 10 jaar oud is.

Prof. Herbst gaan aan om te sê: "Die rustende harttempo van 'n jeugdige wat rook is vinniger as die van sy portuur. Langtermyngevolge sluit kroniese siektes soos longen maagkanker, beroerte en hartsiekte in. Navorsing toon dat daar by jongmense 'n sterk verband is tussen aktiewe sigaretrook en nikotienverslawing, en ook tussen verminderde longfunksie, longgroei en asma."

Die tabaknywerheid is aktief gerig op die jeug, met aanloklike produkte en duur bemarkingstrategieë soos groot prysverminderings by feeste en musiekkonserte of bymekaarkomste. Hulle voorsien ook gegeurde sigarette en rooklose tabakprodukte (mentol, aarbei en druiwe wat nie benodig nie) en droeë teesakkiegrootte snuifsakkies, oplosbare strokies en suigtablette.

KANSA waarsku die jeug teen die tabakindustrie se marktaktieke – "selfs as die produkte aandui om 'lig', 'gefiltreerde', 'sag', 'laeteer', mentol' of 'vrugtegegeurd' te wees, is die gesondheidsrisiko groot. Moet dus nie geflous word deur gladde advertensies of aantreklike verpakkings nie" verduidelik prof. Herbst.

**VOORKOMING**

Volgens die WGO verminder treffende teen-tabakadvertensies en grafiese verpakkinswaarskuwings en grafiese verpakkingswaarskuwings - veral die prentjies - die getal kinders wat begin rook en dit vermeerder die getal rookstakers. Navorsing toon dat hoër belasting veral doeltreffend is om tabakgebruik by laer-inkomstegroepe te verminder en om jonger mense te keer om te begin rook. 'n Belastingverhoging wat tabakpryse met minstens 10% laat klim, verlaag tabakgebruik met ongeveer 4% in hoë-inkomstelande en tot selfs 8% in die meeste lae- en middel-inkomstelande.

**"HUBBLY BUBBLY", WATERPYPE OF TURKSE "HOOKAH"PYPE IS GEVAARLIKER**

KANSA waarsku teen die verhoogde gebruik van sulke pype by jongmense, want dit is veral nadelig vir nog groeiende longe en rook kan dus permanente skade aanrig. Prof. Herbst stel verder: "In Suid-Afrika vorm waterpype en verwante tabakprodukte, deel van die omskrywing van tabakprodukte in die Tabakprodukte-Wysigingswet (2007). Dit impliseer dat die pype se gebruik en verkope moet voldoen aan die regulasies met betrekking tot enige tabakprodukte in die land – insluitende die verbod op die verkoop van sulke pype en hul produkte aan enige persoon wat nog nie 18 jaar oud is nie."

**KEN DIE WET – DIS JOU REG IN 'N ROOKVRYE WÊRELD.**

Elke persoon behoort tabakrook-vrye lug te kan inasem. Rookvry-wette beskerm die gesondheid van nie-rokers, is gewild, benadeel nie die sakewêreld nie en spoor rokers aan om die gewoonte te staak.

Twee tabakwette is deur die parlement in 2007 en 2008 goedgekeur. In die staatskoerant van 21 Augustus 2009 het die parlement hierdie twee wette geproklameer wat Suid-Afrika se tabakkontrolewette verander het.

**Kernpunte in hierdie wette is:**

• Volwassenes mag nie in 'n motor rook as daar 'n persoon jonger as 12 jaar 'n passasier is nie.

• Rook word nie toegelaat op persele nie (privaathuise ingesluit) wat gebruik word vir kommersiële kindersorgaktiwiteite soos chrèches, of vir opvoeding en onderwys.

• Slegs persone bo 18 jaar word toegelaat in aangewese rookgebiede.

• Rook word nie toegelaat in gedeeltelik-afgekampte openbare plekke soos balkonne, oordekte patio's, verandas, loopgange en parkeergebiede nie.

• Die boete vir die eienaar van 'n restaurant, drinkplek, kroeg of werksplek wat die rookwet verbreek, is maksimaal R50 000 en vir elke individuele roker R500.

• Die tabakindustrie mag nie langer bemarkingspartytjies hou wat jongmense teiken nie.

• Wetgewing bepaal dat geen persoon enige tabakproduk mag verkoop of beskikbaar stel aan 'n persoon jonger as 18 jaar nie.

• Smousoutomate wat tabakprodukte verkoop, mag nie gebruik word om ander produkte soos skyfies of sjokolade te verkoop nie.

• Ken die wet en vind meer uit by http://goo.gl/cmwpL en rapporteer diegene wat die wet verbreek by http://goo.gl/dvn4p.

KANSA kan tabakverslaafdes help met sy eKick Butt-program – 'n unieke gratis aanlyn-rookstaakprogram. Deur 'n reeks e-posse, vraelyste en aflaaie word die roker gelei en bygestaan totdat hy rook staak en nie-rook 'n langslewende gewoonte word – nie meer net die tydsverloop tussen twee sigarette nie.

Die program voorsien 'n reeks beproefde en betroubare vaardighede om permanent op te hou rook.

Vir meer gegewens kan http://www.ekickbutt.org.za/ besoek word.

Kontak Lucy Balona, KANSA se Hoof van Bemarking en Kommunikasie vir e-pos: lbalona@cansa.org.za of bel 011 616 7662.



# Salon Zinadri ontvang toekenning

Salon Zinadri, Haarversorging en Skoonheidsalon blink uit vir die tweede opeenvolgende jaar met die "Kadus Retailer of the year" toekenning. Hierdie toekenning is ontvang deur Driekie Flemming, bekende haarkapper in Seidestraat, op 1 September 2019 by Emperors Palace.

Om hierdie prys te verwerf moes Salon Zinadri hard werk om die meeste Kadus produkte deur die salon te laat uitverkoop vir 2019. Hierdie 2 toekennings is maar nog net die begin van wat hierdie salon vir die toekoms beplan.



Patrick Cameron, Driekie Flemming, Leonard Watts en Chris Strober, CEO van Wella Suid-Afrika.



Driekie Flemming en Theo Reinders [illegible] Modern Hair.



Terence Vance, Wella en Kadus verteenwoordiger saam met Driekie Flemming.

# Dienssentrum lede se kennis getoets



Vandag was die Dienssentrumlede se kennis getoets deur 'n vasvra wat gehou is. Die onderwerp vir die dag het gehandel oor [illegible]. Op die foto: [illegible] Carel Louw, Sharky Kühn, Rita Hoffman, [illegible], Wilde van Tonder en Magdalena van Rensburg.

# Cansa on the move for the youth

*• Heilbron Clinic*

*Did you know?*

• Childhood cancer is not transferable. 77% of childhood cancers can be treated successful if detected early

• Most cases of childhood cancer have genetic causes

• Children have a right to a smoke-free world –tobacco and secondhand smoke is harmful for children

• Use of Hubbly Bubbles are more harmful than smoking of regular cigarettes

• Play it safe in the sun – only two blistering sunburns can result in skin cancer later in life

• Balanced lifestyle – regular exercise and a diet consisting of as many fruit and vegetables as possible can reduce the risk of cancer

**WARNING SIGNS for childhood cancer**

C - Continued, unexplained weightloss

H - Headaches, often with vomiting, at early night / early morning

I - Increase swelling or pain in bones, joints, back and legs

L - Lump/mass in abdomen, neck, chest, pelvis or armpits

D - Development of excessive bruising, bleeding or rashes

C - Constant infections

A - A whitish persists or vomiting without nausea

C - Constant tiredness or noticeable paleness

E - Eyes or vision changes – occur suddenly and persists

R - Recurrent fevers of unknown origin

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Sima kantoorure by 058 852 3033.






# 'N SAD STORIE MET 'N HAPPY ENDING

**(DEEL 1)**



Soms wonder jy of jy die agterkant van die lewe gekry het. Jy is vir so 'n lang tyd gelukkig, en dan, boem! ewe skielik ruk iemand die mat onder jou voete uit. Jou bodem val uit. Jy hang tussen hemel en aarde, die kouete wriemel uit jou voete uit tot in jou haarwortels. Die bloed wat na die kop vervoer word, word ingeperk, en jy voel die magtelose hande-afkap-gevoel. Jy staan vir 'n rukkie buite jouself, en kyk hoe alles om jou gebeur, jy wil iets sê, maar daar is rotte in jou kop wat allerhande *tswiet-tswiet*ge-luide maak.

**TERWYL JY HANG, HARDLOOP JOU KOP VOORUIT EN JY MOET JOUSELF AFSKAKEL OM BY TE BLY.** Jou brein druk die hele tyd die *backspace* knoppie en jou hardeskyf maak *zoei-zoei* soos wat jy na al die dokumente soek wat jy al jou hele lewe lank stoor. Jy wag terwyl die een dokument na die volgende in jou geheue gelaai word, maar die beeld wat jy op jou projeksieskerm kry, raak deurmekaar met ander beelde wat jy oproep. Dit voel soos nat ink. Dié goed waaraan jy dink.

Honderde muisklikkies verder, kom jy tot verhaal en kan jy stadig die dokumente oopmaak, en *copy & paste* totdat jy al die stukke bymekaar geplak het. Jy wil al die onthou in een dokument vasplak en dit *save* met 'n *password* sodat niemand dit eendag per ongeluk kan oopmaak en *delete* nie. Jy *save* die dokument onder "Liena", die beste sussie op aarde.

Jy raak onverklaarbaar bang dat iemand die herinneringe by jou gaan kom steel. Jy wil die hele tyd die dokumente vir almal vanaf jou hardeskyf hardop lees, want jy is bang dit raak vergete onder jare se stof en spinnerakke.

**MAAR SOOS WAT DIE AANVAARDING KOM, BEGIN JY STADIG GROND TOE BEWEEG.** In die afkomslag vind jy rus in jou harwar. Iemand vang jou in *mid-air* en sit jou neer op supersagte watte. Iemand kom jou trane afvee. Iemand laat jou toe om jou seer te bepraat. Iemand ondersteun met woorde wat so min van jou seerkry verwoord.

Sommige dae was dit lekker om terug te dink aan die dae toe sy nog daar was. Ander dae wou ek opsluit met haar praat, iewers 'n landlyn kry om met haar te praat. En dan het ek begrip gehad vir Saul wat na iemand toe wou gaan om met die dooies te kan kommunikeer, maar sover kon ek gelukkig nog nooit kom nie.

Soms het ek gewonder of sy die oudisies vir die Engelekoor geslaag het, en of sy iewers in 'n kombuis van haar lekker *al fresco* disse aanmekaarslaan. Dalk doen sy iewers borduurwerk.

Het iemand daaraan gedink om haar hartlik welkom te heet met tee? (Met suiker, asseblief). Of was daar iemand met lekker Woolies-kos wat netjies verpak in 'n piekniekmandjie wag? Of klaar opgedis in haar Arzberg teestel?

Weet hulle dat *toast* en tee haar gunsteling *brêkfis* was? Of dat sy skelm die kastrol waarin die vla gemaak is, uitlek? Sou iemand vir haar 'n muffin met baie konfyt voorsit? Of dalk weet hulle nie dat sy glad nie van kondensmelk hou nie. Of van koolfrikkadelle nie.

Dalk is sy besig met die verfraaiing van die een of ander sitkamer van een van die hemelbewoners, of om die verfkleure, wat niemand gedink het bymekaar sal pas nie, te kombineer totdat dit lyk asof dit iets uit Van Gogh se kleurpalet is.

Weet sy dat ek nou nie meer 'n rolmodel het nie? Ek wonder of iemand daar Bo haar kan gebruik as 'n voorbeeld van die volmaakte sussie? Miskien gaan dit vir hulle moeilik wees om haar daar op te spoor, want soos wat ek haar ken, sou sy eerder by die hemelse winkels gaan rondloop het, of die hele tyd aan die teksture van verskillende stoffeermateriaal vroetel.

Weet iemand dat ek 'n stuk uit my lewe moes prysgee? Dat ek iemand moes laat gaan omdat ek nie eintlik 'n keuse gehad het nie. Omdat die Groter Hand dit so gewil het.

Weet iemand dat ek my beste vriendin verloor het? Gaan daar ooit iemand wees wat hierdie leemte gaan vul?

Maar later kom ek agter dat daardie gaatjie nie gevul moet word met iemand anders nie. Daardie gaatjie moet daar bly, want dit is die teken dat sy 'n groot spoor in my hart gelos het. Niemand hoef dit te kom toemaak nie.

En soos wat ek altyd daaraan dink: 'n Mens raak nie gewoond aan die feit dat iemand wat so naby aan jou was, dood is nie. Jy leer bloot om daarmee saam te leef.

**MET 'N GROOT STUK GENADE.**

Dit was Junie 2004. Ek hou skool in 'n klein dorpie. Biologie is my roeping. Graad 12's is my passie. Dit was weer tyd vir die winterskool waar daar van ons buurskole se leerders hiernatoe kom vir ekstra klasse. So het ek myself bereid verklaar om Winterskool te gee. Jy doen mos maar sulke ekstra werkies om die instandhouding van die huis te betaal.

Liena bel my om te vra of ek nie wil saamgaan Namibië toe nie. Sy, haar man en hulle veertienjarige seun wil by haar skoonouers in Grootfontein gaan kuier. Ek wil vreeslik graag, maar aan die ander kant het ek klaar my kant van die kontrak geteken om skool te hou. So het sy my drie keer gebel, elke keer het ek gelag en gesê: "Ek sal volgende keer saamgaan."

**LIENA HET OP 1 JULIE 'N BORS-BIOPSIE GEHAD.** Ons het gespot dat Frank haar sal moet vasdraai, want die pad iewers in Botswana is vol hobbels. Sy skryf in haar tweedelaaste SMS op 2 Julie: "Ons is amper by die "*hoobils*". Het my sportbra aan."

Vrydagmiddag, 2 Julie, het ek, teenstrydig met my weeklikse roetine, al my klere gewas. Ek het beplan om vanaf 4 tot 6 Julie by my ouers te gaan kuier. Daarvoor het ek net 2 sweetpakke nodig. Hoekom al die klere dan was? Ek weet nie. *(Vervolg...)*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Leprose Sondag (Melaatse)
Sinodale Bid- & Dankdag VS / Toerustingsondag
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Bedieningsbegeleiding / Kategese
Skoolverlaterstee / Gemeentetee Blok 3

**NG SUID**
Leprosesondag / Sinodale Bid- en Dankdag (VS)
Toerustingsondag
**Sondag:** 09:30 Tienderdiens / Matrieksondag
Sin Kol: Gemeente Ondersteuning 2 / Kategese

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Katkisasie: Les 21 / Kol: Sustentasie
Diensbeurte: Wyk 1 & 2

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
Kerkraadsverkiesing / VBO Les 23

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens / **Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.






# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 6 Sept. | 10 / 16 | 51% kans vir ligte buie |
| Sa 7 Sept. | 7 / 23 | Sonnig |
| So 8 Sept. | 5 / 25 | Sonnig |
| Ma 9 Sept. | 6 / 24 | Sonnig |
| Di 10 Sept. | 4 / 27 | Sonnig |
| Wo 11 Sept. | 7 / 27 | Sonnig |
| Do 12 Sept. | 7 / 27 | Sonnig |
| Vr 13 Sept. | 8 / 28 | Sonnig |
| Sa 14 Sept. | 9 / 27 | Sonnig |
| So 15 Sept. | 9 / 28 | Sonnig |
| Ma 16 Sept. | 9 / 28 | Sonnig |

## KENNISGEWING

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE**

Kennisgewing aan Krediteure & Debiteure in bestorwe boedels in die boedel van wyle **HEYLETTA LOVIENA HELENA CATHARINA NEL**. Identiteitsnommer: 301221 0018 083 van die plaas De Molen, Reitz, 9810. Weduwee in die lewe.
**Datum van afsterwe:** 26 Mei 2018.
**Boedelnommer:** 004628/2019
Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie, hiervan by die Eksekuteur, hieronder vermeld, te lewer.
Geteken te Reitz op hierdie 28ste dag van Augustus 2019.
**JP NEL**
**POSBUS 437**
**REITZ, 9810**
**VERW: Boedl HLHC NEL**




## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Magda Bierman 083 292 1503**
G

**WOONSTEL TE HUUR**
1 x 1 Slaapkamer woonstel beskikbaar 1 Oktober 2019.
1 x 3 slaappkamer woonstel beskikbaar 1 Oktober 2019.
**Skakel Derdrë 082 478 3566**
K1693

**GESOEK**
Bachelors flat / tuinwoonstel om te huur.
**Skakel Celéste 082 551 1266**
G

**JAAR-BEPLANNER**
**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*
**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**VOER TE KOOP**
Voer te koop.
**Kontak 083 688 8256**
K

## BETREKKING

**BETREKKING VAKANT**

**CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS**
Benodig die dienste van 'n

**TIKSTER**

Pos is onmiddelik beskikbaar.

Stuur volledige CV na Mev A Schutte
E-pos amanda@corven.co.za
Faks: 058 852 1838

## EIENDOMME

**Heilbron Eiendomme**
VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za
**ANNELIZE 082 331 9856**

**HEILBRON**

VEGKOP: Baie netjiese 4 slaapkamerhuis met 2 ½ badkamers - nuut oorgedoen. Ruim woonvertrek met oopplan kombuis en aparte opwas. Sit- en studeerkamer met baie kaste. Kuiervertrek met ingeboude braai. Dubbel motorhuis en dubbel afdak. Netjiese tuin. **R950 000**

VEGKOP: Netjiese 4 slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis met baie kaste. sitkamer, eetkamer, dubbel motorhuis. Netjiese tuin met swembad, veilig omhein. **R900 000**

SENTRAAL: Stewige 3 slaapkamerhuis met 1 ½ badkamers, kombuis met aparte opwas. Siteetkamer, enkel motorhuis. Veilig omhein. **R550 000**

**HUISE TE HUUR**
- 3 Slaapkamerhuis met 1 ½ badkamer, kombuis, aparte opwas, sitkamer, eetkamer en woonvertrek. Enkel motorhuis met 'n afdak. Beskikbaar 1 September 2019. **R4 850 pm**

**EEN SLAAPKAMER WOONSTEL**
- Sitkamer, kombuis, enkel slaapkamer met badkamer. **R2 750 pm**

**NETJIESE MEENTHUIS TE HUUR**
- 2 Slaapkamers, 2 badkamers, oopplan sitk, eetk, kombuis (kombuis het baie kaste in), enkel motorhuis. Veilig omhein. **R4 500 pm**

**VERSKEIE GEVESTIGDE BESIGHEDE NOU IN DIE MARK!**

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
*Vir die beste transaksies en diens*
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

**LINDA LIEBENBERG PROPERTIES**



T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fetc Level 5

**NUUT IN DIE MARK!**
**R580 000 ONDERHANDELBAAR**
**DRINGENDE VERKOOP!**
Baie netjiese karaktervolle woning, naby skool.
3 Ruim slaapkamers met 2 badkamers,
2 kombuise met woonkamer en sitkamer.
Sonnige stoepie.
4 Motorhuise.
2 Buite stoorkamers.
Netjiese tuin.
Ideaal vir eerste kopers of beleggers!
Kontak my vir hierdie juweel!
**LINDA LIEBENBERG (CLAASEN)**
**082 577 5385**
*Website: www.lindaliebenbergeiendomme.co.za*
*E-Mail: liebenberglinda@gmail.com*

## DIENSTE

**GEORGE MEYER FINANSIËLE DIENSTE**
**Ons bied 'n uitgebreide professionele oplossing vir:**
- Medies en gesondheidsorg
- Lewensversekering
- Korttermynversekering
- Kommersiële versekering
- Begrafnisdekking
- Groepskemas
- Gekonsentreerde beleggingsbestuur
- Spesialis testament, boedel en trust administrasie

Gee ons 'n kans om u portefeulje te evalueer en kostevry met u te konsulteer.

***Kontak Marianne 058-853 0093***
***Marianne.jansevanrensburg@liblink.co.za of besoek my kantoor Breëstraat 41 Heilbron***

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**GRAVERING**
Bring asseblief alle gravering vroeg. Ons sluit 1 November 2019. Open 5 Januarie 2020.
**Skakel Derdrë 082 478 3566 Heilbron**
K1694

**ROLSTOEL PROJEK**
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel.
As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**Order yours Today for only R2 990**
*Including Vat & delivery in Heilbron, Frankfort, Petrus Steyn & Reitz.*
Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450 (4 Shelves)
Herald
**Special valid until 24 September 2019**
Contact Christelle or Delareyz
Office National
**44 Els Street • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**

## TE KOOP

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**






**HONDJIES TE KOOP**
- Miniatuur Worsies te koop. 2 x Geënt. Ontwurm en opreg. R3 000.
- Great Danes te koop. 3 Entings en ontwurm. Opreg. Ook jong waghonde by Giapanta KUSA Kennel te Koppies.

**Kontak 076 212 1474**
DB

**Sukkel u om te hoor?**
Hear4Life

***Sedert Maart 2019 besoek Marna de Beer, 'n Oudioloog en Ria, Heilbron maandeliks, met die nuuste tegnologie en apparraat en is menige pasiënte met gehoorgestremdheid wonderbaarlik gehelp.***
***Marna se praktyk Hear4life is in Pretoria. Sy het 'n satelietkantoor in Heilbron waar sy met grootste sorg haar proffesionele diens lewer. Pasiënte wat reeds gehelp is spreek van verligting en dankbaarheid. Hulle wil graag op hierdie wyse waardering uitspreek vir voortreflike diens op hul voorstoep.***

*"A true friend never gets in you way unless you happen to be going down". Arnold Glasgow.*

***Ons is dankbaar dat julle ons pad gekruis het.***
**Vir enige verdere navrae kontak Ellen Marais 079 879 4852.**

**BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON**

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Projek Omgee - Vir behoeftige diere

Die Heilbron Voortrekker Kommando het op 2 September 2019 weer 'n omgeeprojek gehad. Hierdie keer het hulle benodigdhede ingesamel vir die behoeftige diere by die Dierebeskermingsvereniging in Parys. Daar is ongeveer 320 kilogram hondekos ingesamel en geskenk vir hierdie liefdadigheidsprojek. 'n Paar sakkies katkos en lekkernye was ook bygedra. Daar word groot dankbaarheid getoon vir Hinterland wat bygedra het tot hierdie skenking.

Lorette Pretorius, die voorsitter van Parys DBV het vir die graad een tot sewe kinders kom vertel wie die DBV is en dat hulle mikpunt is om enige dier te help en 'n veilige huis vir elke een te kry.

Die kinders was baie gretig om vrae te vra en van hulle eie troeteldiere te vertel. Daar was selfs van hulle wat meer betrokke wil raak. Daar is saamgestem dat die belangrikste is om vir diere onophoudelike liefde te gee.

Hulle het dan ook met inligting huistoe gegaan wat hulle geleer het om hul troeteldier se water elke dag te vervang en om te sien na hulle ten opsigte van slaapplek, spasie en gesondheid.





*Op die foto links: David Roussow oorhandig items aan Lorette Pretorius vanaf kinders van Heilbron Voortrekker Kommando. Foto regs: Almal help om die items op die voertuig te laai.*

## Phitshana Public School



*On 31 August 2019 ten of Phitshana Public School's learners managed to complete the provincial and did well in X-Country athletic competition that was held in Bloemfontein.*



*Under the leadership of Me. YMM Mokoena some of the learners have won trophies after competing in different forms of art in Kroonstad last week Thursday and Friday.*






## Kristen presteer by Vrystaat byeenkoms



*Kristen Müller, leerder van Hoërskool Heilbron, eindig 15de by die Landloop Vrystaat byeenkoms in Bloemfontein.*

## Kearabetswe Primary School



*These are the learners from Kearabetswe Primary School that participated in the Ngwathe zonal drummies competition. They won in all 6 categories. They came fourth in the cheerleading baton, flag and throwing groups. Second place in the pom-non group and third in small drill. They went further to Fezile Dabi competitions and qualified for provincial competitions that will be held on 7 September 2019.*



*Kearabetswe Primary School in Heilbron took part in the X-Country Free State championship on 31 August 2019 in Bloemfontein. The following athletes qualify for Nationals that will be on 21 September 2019 in White River. On the photo front: Mokoena Karobo, Mnguni Kagiso, Mokone Amohelang and Mquera Mangaka. Teachers at the back: A.T. Maseli, S.P. Thabane, I. Motsiri and T.D. Mojaki.*



# Wendy Roos vier 50ste jaar as haarkapster

Salon Geody is al onbekend vir hul vriendelikheid, warm koffie of tee en altyd bereid om kliënte te help. Hier stap jy in windverwaaid en stap jy uit getooi en "gewase".

'n Drukkie vir 'n bedrukte siel, raad vir 'n kopseer en 'n oor om te luister. Niks is ooit te veel vir die twee haarkapsters wat altyd reg staan om te help nie.

Wendy Roos is gebore in 1952 in Florida Johannesburg. Sy verhuis na Heilbron op sestienjarige ouderdom. Sy doen hare onder Tannie Otu Naudé (Pienaar).

Op agtienjarige ouderdom tree Wendy in die huwelik met George Roos. Op negentien pak sy die enorme taak aan om haar eie salon oop te maak onder die naam Salon Geody (George & Wendy). Uit die huwelik is drie kinders gebore, George (Jnr), Janelle en Rachelle.

Rachelle studeer ook as haarkapster nadat sy skool verlaat en skakel onder haar moeder Wendy in as mede-haarkapster terwyl George Jnr. inskakel by sy vader se familiebesigheid. Janelle het verhuis na Nieu-Seeland. Salon Geody word ook die Salon in die dorp wat die meeste kinders grootmaak al. nege.

Wendy kry in 1983 haar Meestersertifikaat in Hillbrow, Johannesburg in Haarkappery. Sy is ook geregistreer om opleiding te bied aan vakleerlinge in Haarkappery.

Wendy wat tans sewe-en-sestig jaar oud is vier haar vyftigste jaar as haarkapster in Heilbron.

Aftree is nog nie eers ter sprake nie. Hier word volstoom hare gedoen, ses dae 'n week.



*Op die foto is: Wendy Roos en Judy Kemp, een van haar getroue kliënte.*


Tuinbouvergadering

Woensdag 11 September
10:00 by Flaashuis Kwekery

Sprekers:
Chris Smit van Efekto
Christi Liebenberg van
Bark Compost Naming Kwekery

RSVP voor 9 September by
Louise van der Westhuizen
072 125 8828

Almal is baie welkom!


| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 2 | 6 | 3 | 4 | | 7 | | 1 |
| | 5 | | | 2 | 6 | 4 | | 9 |
| | 7 | | 8 | | 1 | | | |
| | | | 9 | | | 2 | | 7 |
| 3 | 4 | 2 | | | | | | 5 |
| 1 | | | | | | 8 | | |
| 6 | 8 | 5 | 4 | | | | 1 | 2 |
| | | 4 | | | 2 | 9 | | |
| | 1 | | 5 | 3 | 8 | | 7 | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of those nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

## terugblik



*HEILBRON HERALD, 9 FEBRUARIE 2007 - NICO KUIJER BY DIE DIENSSENTRUM*


WESDAN

Wesdan Boerderye beskik oor die volgende pos:

Halfdag Administratiewe pos

Vereistes:
Goeie administratiewe ondervinding sal tot voordeel wees.
Moet rekenaarvaardig wees.
Pligsgetroue, verantwoordelike, georganiseerde persone word verlang.
Matriek is 'n vereiste.
Enige na-skoolse opleiding sal tot voordeel wees.

Stuur asb. CV's en aansoek -
Isaats Hattingh
na die volgende e-pos adres
hbh@carfone.net



1. Die tender periode sal strek vanaf 1 Oktober 2019 tot 30 September 2020.
2. Die tenders moet in rand en sent per ton uitgedruk word. Geen tender sal aanvaar word indien dit nie spesifiek 'n rand en sent bedrag bevat nie.
3. Produk sal voorsiening aan die suksesvolle tenderaar verkoop word.
4. Produk mag nie vir menslike gebruik aangewend word nie.
5. Produk moet self deur die suksesvolle tenderaar by Clover se Heilbron fabriek afgehaal word.
6. Tenders sluit op 20 September 2019 om 16:00.
7. Die hoogste tender of enige tender sal nie noodwendig aanvaar word nie.
8. Die ooreenkoms wat met die suksesvolle tenderaar gesluit sal word is beskikbaar by Clover Heilbron.
9. Tenders moet in 'n verseëlde koevert gemerk "Tender Ondergrond Poeier" gerig word aan:

Die Bestuurder
Clover
Posbus 79
Heilbron, 9650


Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Silma by 083 363 6553 of 058 852 3033

E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# SPORTverslag

## Dames was vrot van die gees

### Kom speel in Total en OK dag

Baie lag en baie gholf was die groot kenmerke van Saterdag se dames gholfdag op Heilbron. Daar was agt spanne wat aan die dag deelgeneem het, maar soos iemand tereg gesê het: "Dit klink soos 100". Elke speler het 'n geskenkpakkie ontvang en daar was heelwat verrassings op die baan. Die dames wat die beste gevaar het: Lache en Mitzi Olinsky was die wenners, Telanie Strydom en Christelle Lourens eindig tweede en Meloney Pretorius en Yolandi Naude in die derde plek. Die Heilbron Gholklub se dameskomitee verdien baie lof vir hierdie groot poging en fondsinsamelingsprojek van hulle.

Die jaarlikse Total Heilbron en OK Grocer borgdag word môre aangebied en jy kan nog inskryf, daar is nog plek. Inskrywings is vanaf 10:00 vir afslaan 10:30. Almal behoort voor die rugby klaar te speel, maar as jy later wil afslaan kontak die klub. In getroue OK tradisie is daar sowat R7 000 OK koopbewyse op die spel, die eerste prys is 'n koopbewys van R2 200.

Die ligaspan het die seisoen nie goed afgesluit nie en eindig tweede laaste vanjaar. Die wenners vir 2019 was Bethlehem 2 met Frankfort in die tweede plek. Die trekking van die Case grassnyer is ook gedoen en is deur 'n dame van Newcastle gewen. Daar is vanaand weer *draw* en die pot staan op R1 000. Die wat lus het om die Cheethas môre te ondersteun kan gerus by die gholfklub kom kyk.



*Boerepompies wen die prys vir die beste gees. Agter vlr: Linky Joubert, Santie du Toit, Annari Combrink en Christi Boshoff. Voor vl: Dorothy Erasmus en Lizel Els.*



*Badgirls*
*Hulle kry die prys vir die "best dress" Meloney Pretorius en Yolandi Naude.*



*Die T Birds in aksie voor die afslaan. Op foto vl: Stacey Deere, Mitzi Olinsky, Cemon Snyman, Surene Strydom en Lache Olinsky.*

## Rolbalklub sluit af op 'n vrolike noot

Heilbron Rolbalklub se dames was Woensdagmiddag baie verras en ingenome met die manne se kreatiwiteit en oorspronklikheid. Die tafels was pragtig versier en keurige eetgoed is aangebied deur die manne wat, soos hulle self sê, "we are living close to our feminine sides". Op hierdie manier is Vrouemaand afgesluit met lekker saamkuier, lag en gesels.

Ongelukkig kon daar nie 'n dames teen mans kompetisie gehou word nie weens 'n tekort aan mansspelers, maar aangesien dit Vrouemaand was, het die mans blykbaar hul beste spel maar so bietjie teruggehou.

Donderdag het die stof in wolke gestaan toe die scarify-masjien op die baan losgelaat is. Daar was heeldag heen en weer en op en af gestap om die baan behoorlik voor te berei vir die jaarlikse instandhouding.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd is ook hollow tine op die baan gedoen en met die nuwe laag sand waarmee die baan bedek is, word uitgesien na 'n nuwe seisoen met 'n goed voorbereide baan.

Hierdie harde werk is Woensdagaand afgesluit met 'n gesellige bring en braai by die klub.



***DIE ROLBALKLUB SE TROTS:** Op die foto voor vl: Magda Bierman, Lina Nel, Antoinette Cunningham, Amelia Galatis, Madeleine Fourie, Sue van der Westhuizen, Hannalie Claasen, Lenie Visagie, Petro Habig, Rita Hoffman en Bettie Swart. Agter: Carina Kleynhans.*

## KRANSFONTEIN Resiesduifklub

Op 31 Augustus 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Richmond gevlieg. Daar het 446 duiwe deelgeneem in hierdie reis. Die duiwe was 07:45 losgelaat terwyl daar 'n sterk wind vanaf agter gewaai het. Die wenduif is deur Fourie Hokke ge-klok om 13:12 nadat die wenduif die distansie van 589 km tot by sy hok gevlieg het. Die wenspoed is 1801.326 meter per minuut.

**Hier volg die uitslae:**

1ste - Fourie Hokke, 2de - Wolmarans Hokke, 3de - Spartan Pigeons, 4de - Spartan Pigeons, 5de - Wolmarans Hokke, 6de - Wolmarans Hokke, 7de - Wolmarans Hokke, 8ste - Wolmarans Hokke, 9de - Wolmarans Hokke, 10de - Jakes Jacobs.

## HEILBRON DUIWEKLUB

Die wedvlugte vanaf Victoria-Wes was baie vinnig aangesien 'n baie sterk suidweste wind gewaai het. Die wenduiwe het die 653 km, die afstande is direk uitgemeet vanaf die wedvlugpunt tot by elke hok, in 6 uur en 15 minute afgelê, teen 'n gemiddelde spoed van 103km per uur, 17 300 meter per minuut. Zenith hokke se duiwe wen albei wedvlugte.

**VICTORIA-WES OPE 1**

1. Zenith A, 2. F Viviers, 3. Zenith A, 4. Zenith A, 5. Zenith A, 6. Zenith A, 7. F Spangenberg, 8. Stemmett Hokke, 9. Zenith A, 10. Stemmett Hokke.

**VICTORIA-WES OPE 2**

1. Zenith B, 2. Zenith B, 3. Crause & Seun, 4. F Spangenberg 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Stemmett Hokke, 8. Crause & Seun, 9. F Viviers, 10. Crause & Seun.




Spring Special!
Vigano High Back Chair
Special price includes the Technochair nylon flexable arms, Nylon Bifma approved base, heavy duty gas (150kg), Econo synchro mechanism, covered in Vulcan fabric.
R2 445-00 Incl VAT
44 Els Street • HEILBRON • 9650

